Boran is 'n maklike boerbees

Die gewildheid van die Boran neem toe omdat die beeste min onderhoudskoste verg.

Op 'n plaas van 256 ha net buite Bethal op die Hendrina-pad boer mnr. Buks van den Berg en sy vrou, Candida. Die plaas se naam is Eerste Geluk en hulle woon sedert 2009 daar.

Op die plaas het Buks 400 beeste, wat omgereken word in 330 grootvee-eenhede. Dit kom neer op 0,7 ha per bees. "Dit is eintlik ongehoord," sê Buks. "In dié omgewing is dit normaalweg van 3 ha tot 8 ha per bees.

"Die Boran is die vinnigs groeiende ras in die land. Toe ons in 2006 begin het, was daar minder as 30 Borantelers in die land. Vandag is daar sowat 390 geregistreerde telers. Ander boere sien hoe maklik 'n mens met die Boran boer en daarom groei die getalle so vinnig. Dit is 'n besonder goeie boerbees."

Dit is goedkoop om met Borane te boer omdat dit min onderhoud verg. "Sedert 2009, toe ek en my vrou na die plaas verhuis het, het ek nog geen dipstof by die groot beeste gebruik nie, slegs by die kalwers. Die Boran het 'n natuurlike weerstand teen siektes wat deur bosluise oorgedra word, soos hartwater, rooiwater en galsiekte."

STERK KUDDE-INSTINK

Dit is opmerklik hoe Buks se Borane in kuddes rondbeweeg en dit is vir hom 'n goeie eienskap van die dier. "Jy kan nie een bees steel nie omdat die beeste 'n sterk kuddeinstink het – dit is of almal of nie een nie."

Die kuddeinstink help met die drukbeweiding wat goed is vir die hergroei van klimaksgrasse. Hy gebruik verskuifbare, elektriese heinings om ultrahoëdrukbeweiding in die somer toe te pas. Hy meng ook kikoejoe- en assegaaiklawersaad by die beeste se lek in.

Buks sê 'n mens kan 1,5 Borane aanhou vir elke grootraamtipe bees. Dit help om meer kalwers te lewer op dieselfde grondoppervlakte, wat die kilogram vleis per hektaar op die plaas kan verhoog.

Met die droogte is dit werklik 'n moeilike tyd op die plaas, sê Buks. Sy beeste kry net bale hooi en 'n goeie lek en hulle presteer steeds goed. "In normale omstandighede hoef ek glad nie byvoeding te gee nie, slegs Bio-Minerale se Winterlek 44 – dit bevat al die spoorelemente. Die inname daarvan is sowat 300 g per bees per dag. In die somer kry hulle klipsout en 'n fosfaatlek."

Vrugbaarheid is een van die belangrikste eienskappe van Buks se Borane. By die koeie selekteer hy vir melk, reproduksie en tussenkalfperiode (TKP).

By die bulle gaan dit hoofsaaklik oor die bul se voorkoms. "Hy moet kort pypbene hê, 'n goeie skede, sy oë moet in die middel van die kop wees en hy moet 'n goeie skrotum hê. Goeie kloue en 'n goeie toplyn is ook belangrik. Dit is die ses eienskappe wat die belangrikste vir 'n bul is."

Buks sê vir hom is die Boran se sterkste eienskap sy aanpasbaarheid. "Jy kry hulle oor die hele land. 'n Boran kan hom op enige terrein aanpas, want dit is 'n bees met 'n goeie loopvermoë wat bereid is om kos te soek."

BO: Yuka is een van mnr. Buks van den Berg se gunstelingbulle. "Dit is een van die mooiste bulle in die land," sê Buks met trots.
FOTO'S: MARIEKE SNYMAN

LINKS: Buks hou daarvan om tyd tussen sy beeste deur te bring. Hulle geniet die aandag. En dit, sê Buks, dui op hul goeie temperament.

Ander eienskappe sluit in:

- 'n Gunstige genetiese samestelling.
- 'n Lang lewensverwagting.
- Vrugbaarheid.
- Siekteweerstand.
- 'n Goeie temperament.
- 'n Karkas van goeie gehalte.
- 'n Sterk kudde-instink.
- Goeie omsetting van droëmateriaal in vleis van 'n goeie gehalte.
- Dit is 'n vroegryptipe bees.

Die Boran kan vir basterkrag by enige ander beesras gebruik word danksy sy genetiese samestelling (64% *Bos indicus*, 24% *Bos taurus* en 12% Afrika-*Bos taurus*). Hy kruis goed met *Bos taurus*- en *Bos indicus*-tipe beeste. By die Sanga-tipe beeste, soos die Nguni, kan die Boran die speenpersentasie met 12% en 15% verbeter. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Buks van den Berg, Eerste Geluk, tel: **076 781 9404**; Die Boran-telersgenootskap, tel: **051 410 0966** of **051 410 0951**; webwerf: **www.boran.org.za**

PRODUKSIEVEILING

Mnr. Buks van den Berg hou binnekort sy tweede produksieveiling. Daar is 60 rasegte Borane op die veiling.
Wanneer: 14 November om 11:00.
Waar: By die Bull Ring op Hurwitz Farming op die N17 tussen Davel en Ermelo.